- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek


# Hoofstuk van die dag: Numeri 20

> *Toe lig Moses sy hand op en hy slaan die rots twee keer met die kierie. Daar het baie water uitgekom, en die volk en hulle vee het gedrink. (vers 11)*

Moses was die hele tyd die teiken van die aanvalle en verwyte

van sy volksgenote. Dit het al in Egipte begin (Eks 5:21 e.v.) en sedertdien nooit opgehou nie. Dit moes hom teen die mure uitgedryf het, en hierdie insident by Kades was die laaste strooi. Dit was immers nie sy skuld dat hulle in die woestyn was en nie genoeg water gehad het nie. Dit was die Here se straf omdat die Israeliete Hom nie vertrou het om in die beloofde land in te gaan nie.
Moses was 'n sagmoedige man, meer as enigiemand anders op aarde (12:3), maar hier het hy dit verloor en besluit om met groot vertoon te maak asof hy en Aäron die water uit die rots sal laat kom (vers 10). So het hy die eer vir homself gevat, in plaas daarvan om die Een wat sorg en voorsien, te erken. Die gevolg was dat hy en Aäron nie in die beloofde land kon ingaan nie (vers 12).
Oppas. As selfs Moses in 'n oomblik van swakheid kon faal, kan ek en jy ook.


## Onlangse Bydraes

- Abram
- Job
- Rigters 16:20 SIMSON STEUN OP SY EIE KRAG
- 'n Gebed vir Nasionale Vrouedag
- Noag en sy seuns

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026